

Maandag 1 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-28

Fokusgedeelte: Johannes 1:14, 18

Christus, in Wie die geheimenis bekendgemaak is ...

In ons teks word dit duidelik dat daar iets was wat vroeër verberg was, maar nou bekendgemaak is. Daardie iets wat verberg was, was alleenlik beperk tot die oë en mond van die Draer van daardie geheim. En daarom kan alleen die Draer die geheim bekendmaak.

Die Draer van hierdie geheim is God. Die geheim is Jesus Christus. En God openbaar hierdie geheim op 'n verstaanbare manier aan die mens deur sy Woord en Gees. Wat is hierdie geheim?

- *Die Woord het mens geword* – Hierdie is 'n geheimenis wat wonderlike troos bied. Die grenslose, ewige God het die gestalte van 'n mens aangeneem en aan ons gelyk geword (vgl. Joh. 1:1, 14)! Hierdie geheimenis is baie belangrik, want Christus moes 100% God wees, want net God kan die toorn van God vir die mens volledig dra. Hy moes ook 100% mens wees, want die mens het die sonde gedoen en daarom moet die mens vir daardie sonde betaal. 'n Wonderlike geheimenis van verlossing wat God Self aan ons kom openbaar het.

Die tweede geheimenis waarna hier verwys word, is:

- *Die Woord het onder ons kom woon* – Christus kom in sy persoon en kom woon onder ons. Sy dissipels kon Hom hoor en sien en volg. En met sy hemelvaart beloof Hy dan aan ons dat Hy met ons sal wees tot die voleinding van hierdie wêreld. Daarom stuur Hy die Heilige Gees wat in ons (nie net by ons nie, maar in ons) woon en werk.

Wat 'n wonderlike geheimenis! Ons is nie alleen in hierdie sondige wêreld nie, ons God het mens geword om ons uit hierdie ellende te verlos, en Hy is ook elke oomblik met ons.

Sing: Psalm 119-1:48

Ds. PJ de Bruyn (Paul) (Windhoek-Suid)